NG KERK UITENHAGE

VAKATURE: ADMINISTRATIEWE /FINANSIËLE BEAMPTE

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Uitenhage Moeder het ‘n pos beskikbaar vir bogenoemde posisie en geskikte en gekwalifiseerde **persone bo 40** word uitgenooi om aansoek te doen.

KWALIFIKASIE EN ONDERVINDING/VEREISTES:

Eerbare, vriendelike, betroubare persoon met goeie menseverhoudings - ingestel op dienslewering.

Algemene finansiële en administratiewe pligte wat vergaderings, gemeente registers ens insluit.

Verkieslik kennis van kerkadministrasie wat ‘n aanbeveling sal wees en die vermoë om programme wat in die kerk gebruik word aan te leer.

Rekenaarvaardigheid en ondervinding van byvoorbeeld Pastel/Sage-one boekhou stelsel asook Word woordverwerkings program sal ‘n noodsaaklike aanbeveling wees.

Bank en kontant hantering asook hantering van inbetalings en uitbetalings.

Kode 08 bestuurders lisensie is verpligtend en kantoorure sal gereël word.

Die persoon moet bereid wees om by die gemeente in te skakel.

Kerkkantoorure sal omtrent 25 uur per week wees sonder na kantoorure vergaderings.

Daar kan deur die Kerkraad van die werknemer verwag word om enige ander pligte wat nie in die posbeskrywing uiteengesit is nie en wat billik is, te verrig.

VERGOEDING:

Vergoedingspakket sal met die geskikte persoon wat aangestel word, onderhandel word en sal volgens kennis en ervaring bepaal word.

AANSOEKE:

Belangstellendes moet asseblief ‘n e-pos stuur aan: boldprint160@gmail.com. Alle inligting voorsien sal as vertroulik hanteer word en alle verdere navrae kan gerig word aan bogenoemde e-posadres.

Stuur asseblief ‘n volledige CV met alle toepaslike ondervinding en ten minste 3 referente asook verwysings van vorige werkgewers.

Moontlike en geskikte kandidate sal na die sluitingsdatum gekontak word vir ‘n onderhoud.

Finansiële agtergrondklaring en geen kriminele rekord nie, asook bewyslewering van kwalifikasies.

Sluitingsdatum: 08 Maart 2023 – Diensaanvaardings datum sal na die onderhoud gereël word.

Die Kerkraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.